NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528

Hatfield 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

Rassisme

Rassisme steek oral in ons samelewing kop uit. Ons kan ander daarvoor blameer, die verlede, die politici, die winsmakers en die maghebbers, die opposisie en diegene wat óns tot vyand wil maak, maar die werklikheid is dat rassisme sonde is. Nie omdat ‘n politieke party so sê of mense probeer munt slaan uit gebeure in ons samelewing nie, maar omdat dit in stryd is met die Evangelie. Rassisme neem baie gestaltes aan, maar in die kern daarvan lê daar meerderwaardigheid, dus die minagting van mense net omdat hulle aan ‘n bepaalde ras behoort, vooroordeel, veralgemenende aannames, disrespek, onbegrip, afguns, misbruik en vernedering. Rassisme kan dus ‘n denk- en leefwyse wees wat by mense van alle rasse voorkom en gekoester word.

Daarteenoor leer die Evangelie dat God vir alle mense lief is. Alle mense is na die beeld van God geskape. Trouens, Jesus verban reeds in die Bergrede alle meerderwaardigheid tot buite die grense van sy Koninkryk. Hy leer dan met sy gelykenisse, wonders, voorbeeld en lyding dat respek, deernis, luister en omgee oor grense heen, die styl en waardes van Sy koninkryk is. Daar is géén plek vir rassisme in die koninkryk van Jesus nie.

Die kuns van die lewe in Suid-Afrika is egter om te onthou dat meerderwaardigheid goeie vriende het in die eie-ek, in die persoonlike kyk op sake, op die enkelvoudige perspektief, op die eie voordeel en die drang na selfbehoud. Met sulke vriende moet ‘n mens maar te versigtig wees dat meerderwaardigheid, in watter vorm ookal, nie sommer by die voordeur van jou lewenshuis instap nie. Of dit nou chauvinisme of patriargie genoem word, of manlike dominansie, of minagting en afsydigheid en neusoptrek vir siekes en gestremdes, of homofobie of rassisme, meerderwaardigheid skuil dig by al ons vroomheid en goeie voornemens.

Ons kan natuurlik altyd meerderwaardigheid probeer verduidelik. Of ons kan dit versag. Ons sou bv. kon verduidelik dat ons bedoelinge defnitief nie meerderwaardigheid of aftakeling of miskenning of verontregting is nie. Maar die standaard van die lewe in die Koninkryk, ‘n lewe in noue verbondenheid met Jesus, is nie net om jou bedoelinge te beoordeel nie, maar veral die impak van jou woorde en dade en aannames en vooroordele op die selfverstaan van ander. “Ek” en my bedoelinge is as maatstaf altyd ondergeskik aan die ervaring en belewenis van my

naaste, hoe die ander voel, wat hulle van hulleself glo, wat hulle van hulleself verstaan wanneer ons van mekaar weggaan.

Die Suid-Afrikaanse samelewing word grootliks gekenmerk deur ongelykheid. Die gaping tussen ryk en arm word al groter. Die feit dat die politieke hervormings van die afgelope dekades vir swart mense toegang verleen het tot die beste geleenthede, vertel nie die hele verhaal van die stryd van mense om uit kulture van armoede en ongeletterdheid uit te breek nie. Kinders wat bv. in armoede grootgeword het, se kanse om toegang te verkry tot verdere opleiding en uiteindelik ‘n werk met ‘n volhoubare inkomste wat hulle uit die armoede kultuur lig, is steeds baie laag. Die werkloosheidsyfer vir swart Suid-Afrikaners is ook tans 28,8%. Baie van diegene wat wel werk het, se inkomste verseker nie noodwendig ‘n lewe bo die broodlyn nie.

Wit Suid-Afrikaners sal vanweë die land se politieke geskiedenis, asook die ongelykheidsfaktore baie begrip aan die dag moet lê vir swart mense se sensitiwiteit oor rassisme. Wat vir wit mense na die verdediging van belangrike beginsels klink, klink al te dikwels vir mense wat uit ‘n agtergrond van armoede en verontregting kom na vooroordeel en miskenning.

Die belangrikste werklikheid is egter dat die stryd om bronne in Suid-Afrika dikwels manifesteer in rassespanning. Die ekonomie groei stadiger as die bevolking. Investering uit die buiteland is laag. Die verdeling van rykdom kan gevolglik meestal slegs geskied deur weg te neem van die wat het en dit te gee vir die wat nie het nie. Dit is in die Suid-Afrikaanse konteks ‘n resep vir rassespanning. Almal, insluitende die regering, is dit eens dat opleiding ‘n baie belangrike deel moet uitmaak van die oplossing van die sistemiese ongelykhede van ons ekonomie. Opleiding genereer interpreneurs en laasgenoemde skep werk. Maar ons land voorsien tans eenvoudig nie in genoeg opleidingsgeleenthede nie. Gevolglik word daar meer en meer eise gestel aan die beperkte opleidingsgeleenthede wat wel in Suid-Afrika bestaan. Die gebrekkige geleenthede aan vaardigheidsopleiding vergroot die druk op tersiêre instellings. Die mededinging om die bronne van kennis raak dus by die dag groter. Die stryd om studentefooie is inderwaarheid ‘n stryd om toegang tot die bron. Op vele terreine van die samelewing word soortgelyke spanning as gevolg van mense se regmatige aspirasies beleef.

Christene is geroep om in hierdie dae ‘n voorbeeld te stel van verdraagsaamheid en goeie oordeel wanneer dit kom by die belange van die totale bevolking van die land. Transformasie van die ekonomie is ‘n verpligting wat op almal van ons rus met die oog op die voordeel van almal. As een ly, ly almal, sê die Evangelie. Dit geld net soveel van die land as van die kerk. Laat ons daarom met groot begrip vir die storie van ons land en vir die nood van mense en vir die strewe van mense na ekonomiese selfstandigheid met mekaar omgaan. Laat ons na mekaar luister met begrip en deernis. Laat ons mekaar hoor en help, hande neem en mekaar se belange najaag. Laat ons wegdeins van veralgemenings sonder om regtig te probeer verstaan wat agter mense se protes en aandrang om gehoor te word, lê. Laat ons, die Christene, die draers wees van die boodskap van geregtigheid, dienende liefde en sorg. Mag ons só die mense wees wat mense se waardigheid herstel en hulle vry maak van die kragte van armoede of minagting en selftwyfel.

Die NG Kerk is so ernstig oor mense se menswaardigheid dat ons saam met ons familiekerke ‘n **Seisoen van Menswaardigheid** bedink het. Die waardes wat veral deur die Seisoen bevorder word, is respekteer, luister, omarming en liefhê.

In Kerk en Samelewing (1990, par 110-115) het die NG Kerk reeds helder gewaarsku teen die gevolge van rassisme. Dit is strydig met die Woord van God en geen mens behoort dit te verdedig of beoefen nie. Sedert 1990 het die NG Kerk gereeld publieke getuienisse gelewer teen rassisme. Kerkbode en Kruisgewys is onder meer benut om die stryd teen rassisme te voer. Talle ander publikasies het ook verskyn. Vir ‘n lys van publikasies kan jy gerus die Seisoen van Menswaardigheid se webblad by www.menswaardigheid.co.za besoek. Predikante laat val ook gereeld die lig van die Woord deur die prediking op die onderwerp. Die Moderamen het ook in 2008 ‘n ernstige beroep om almal gedoen om hierdie euwel te beveg. Tog is dit duidelik dat daar nog in al ons gemeenskappe baie werk is om te doen om hiermee verder te vorder.

Die Seisoen van Menswaardigheid help onder meer deur ‘n publikasie vol Jesus-verhale wat geestelike leiding bied. Daar is ook ‘n publikasie “Stap Saam” oppad wat ‘n 15 weke program is waarin mense van verskillende agtergronde na mekaar luister en saam die wonders van verskeidenheid in ons kulture en voorkeure ontdek. Die publikasies verskyn eersdaags by Bybel-Media. Die Vrou By Die Put is nog ‘n publikasie met Bybelstudies oor Johannes 4 waar Jesus met die Samaritaanse vrou in gesprek gaan, wat die onderwerp toelig.

Ons vertrou dat elke leraar van ons kerk sensitief is vir die gevare van rassisme en verstaan dat die NG Kerk ‘n reuse verantwoordelikheid het om hierdie euwel uit te roei. Laat ons voortgaan om leiding en rigting te bied in hierdie proses van bevryding van alle vorme van rasse vooroordeel sodat ons kerk se mense ook in hierdie opsig waardige burgers van Suid-Afrika en bowenal van Jesus se ryk sal wees.

Nelis Janse van Rensburg

Voorsitter van die Dagbestuur van die Moderamen
Nederduitse Gereformeerde Kerk

22.01.2016